



KAMMANUUS

Nommer 327

23 April 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Tussen die duine begin dit al weer kook

Hallo julle,

My maatjie Danie, daar uit Heidelberg en Suikerbosrand se wêreld, laat weet dat die kwik deesdae soggens teen dagbreek skaars bokant die nul wil klim. Die Hoëveld sal seker binnekort sy dooie vaal wit winterskleed begin aantrek.

Dit terwyl ons hier tussen die duine in die Noordelike Halfmond nou al hoe meer gereeld 'n gemaklike 39 °C bereik. Dis nou weer tyd dat die tien lugreëlaars in ons villa almal aangeskakel word en begin meeding met die Imam se klaagliedere tydens die lapkoppe se bidure. Hoe gaan die gesegde? Elke silwer randjie het 'n donker wolkie nodig!

Hoekom jy so baie gemorspos kry

Dié week wil ek weer bietjie aanhaal uit 'n e-pos oor kettingbriewe wat vir my nogal mooi die kap van daardie byl verduidelik. Ek het altyd gedink dis net verveelde karnallies wat niks beter het om te doen nie wat daardie soort e-pos uitstuur:

Daardie belofte van geluk of 'n gratis selfoon indien jy dit aanstuur vir nog tien mense. Of daardie wat die vloek oor jou uitspreek as jy dit nie doen nie.

Dan is daar daai elle lange petisielyste. Onthou, 'n petisie is ongeldig en word ignoreer indien hy nie werklike handtekeninge op het nie.

Selfs van die bedelbriefies en godsdienstige boodskappies met mooi prentjies val almal in dieselfde kategorie - hulle almal is bedoel om e-posse bymekaar te maak vir bemerking. Vir gemorspos. Daar word 'n programmetjie geskryf wat die e-pos volg en al die nuwe adresse oes soos hy aangestuur word. Hierdie groot, vet poslys word dan weer gesmous aan maatskappe en individue wat bemerking daarmee doen. Vandaar baie van die gemorspos wat jy ontvang.

Indien jy voel jy wil steeds tog so n epos aanstuur, gebruik dan liever net die volgende voorbehoedmiddel: Bcc . Dit staan vir Blind Carbon Copy. Dis daai spasie onder die Cc blokkie.

Anders as die Cc , is eposse wat jy daarin plaas, nie beskikbaar aan die verskuilde boef en insamelaar nie. Leer jouself aan om jou eie naam in die 'To:' blokkie te plaas en dan al die res van die mense aan wie jy 'n massapos wil stuur, in die Bcc afdeling. So beskerm jy jou maats se privaatheid ook sommer.

En onthou: dis goeie etiket om die name wat reeds bo-aan staan, te verwyder voordat jy dit aanstuur. Só beskerm jy ook daardie adresse.

Wildtuinbesprekings in Afrikaans!



Uiteindelik! 'n Afrikaanse webblad waar jy daardie welverdiende Wildtuin-vakansie kan beplan en in jou EIE TAAL direk en veilig op die internet kan bespreek! Niks meer 'wild animals are dangerous' of 'for further enquiries thank you verymuch' nie. Nee, nou is dit net boere

bosveld is lekker en Skukuza hier kom ons, baie dankie!

Die webtuiste, www.OomPaulsePark.co.za word bedryf deur Sarie, Tisha en Trevor, drie afgetredenes wat hul jare ondervinding in tegnologie en die toerisme- en gasvryheidsbedryf en passies bymekaar gegooi het, en 'n kuierplek vir Afrikaanse wildtuin-liefhebbers geskep het.

Die webtuiste is aantreklik, gebruikersvriendelik en die koddige bobbejaanfiguurtjie, Oom Paul, word slim gebruik om die verskillende kampfasiliteite en ander nuttige inligting aan te dui.

Hierdie werf is trots geskep vir Afrikaners wat in Afrikaans wil kuier! Vir nou en vir altyd tot die kranse antwoord gee! Gaan kyk gerus en maak gebruik van hulle ondervinding om vir jou 'n onvergeetlike tydjie in die wildtuin te reël.

Groete tot oor twee weke,

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Goeie wenke vir Evas

- Wat doen jy as jou kêrel op jou uitloop? Maak die deur agter hom toe.
- As hulle 'n man op die maan kon sit, moet dit moontlik wees om almal daar te sit.
- Spits jou toe op die jonger man, hulle word in elk geval nooit volwasse nie.
- Mans is almal dieselfde. Hul gesigte verskil net sodat hulle uitmekaar geken kan word.
- Die beste manier om 'n man te kry om iets te doen is om te sê hy is te oud daarvoor.
- Liefde is blind, die huwelik laat die oë oopgaan.
- Die kinders van Israel het 40 jaar lank in die woestyn rond-geswerf. Selfs in Bybelse tye het mans geweier om aanwysings te vra.
- As hy vra watter soort boeke jou interesseer, sê tjekboeke.
- Onthou: 'n Sin vir humor beteken nie dat jy grappe moet vertel nie; dit beteken dat jy vir sy grappe moet lag.

Idiote in aksie (1)

'n Britse koerant het sy lesers gevra om idiotiese gebeure in te stuur. Hier is een van hulle:

Ons elektroniese garagedeur moes herstel word. Die herstelman het gesê een van ons probleme is dat die deur se aandrywer nie sterk genoeg is nie.

Ek het so bietjie gedink, en gesê dit was destyds die sterkste motor op die mark vir hierdie model, en dat hy oor ½ perdekrag beskik.

Hy het sy kop geskud en gesê ek het ¼ perdekrag nodig.

"Maar ½ is mos groter as ¼!" sê ek toe.

"Nee, dame," sê Slimjan. "Jy sien, vier is groter as twee."

Ons het hom nie weer gebel nie.

(Dit het glo in Moor Park, naby Watford, gebeur.)

Speelgrondspeletjie

Dis speelyd en die kinders staan op die Suid-Afrikaanse speelgrond rond.

Skielik kry iemand 'n idee.

"Kom ons speel *cops n robbers!*" sê hy.

"Wat wil jy wees? 'n *Cop* of 'n *robber?*"

Antwoord sy maatjie: "Wat is die verskil?"

Die tekens van ware VOLWASSENHEID

- ♣ As jy en jou tande nie meer saam slaap nie.
- ♣ As jy wakker word en jy lyk soos die foto op jou rybewys.
- ♣ Om 'n "gelukkie" op te te beteken jy kry jou kar waar dit geparkeer was.
- ♣ Dit neem langer om te rus as om moeg te word.
- ♣ Dit neem dubbel so lank om die helfte so goed te lyk.
- ♣ Alles is seer, en dit wat nie seer is nie, werk nie.
- ♣ Jy slaan jou tande in 'n steak in ... en hulle bly daar.
- ♣ Jy doen afstand van al jou slegte gewoontes en jy voel nog steeds nie goed nie.
- ♣ Jy kry uiteindelik jou kop reg ... en jou lyf begin uitmekaar val.
- ♣ Jy wonder hoe jy oor die muur kan wees as jy nie eers kan onthou dat jy ooit bo-op dit was nie.
- ♣ Wanneer jy op vakansie is en jou energie raak op voor jou geld op is.

Moet nooit die mag van DOM MENSE in GROOT GROEPE onderskat nie

Fietsryers

As ek bestuur, haat ek voetgangers.

As ek stap, haat ek motoriste.

Maak nie saak watter vorm van transport ek gebruik nie, ek haat altyd fietsryers.

Die rede hoekom mans lieg, is omdat vroue so baie vrae vra.



Uit die wakies

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Theuns se leeu-storie

THEUNS vertel hoe hy en sy broers as jong seuns dikwels saam met hul pa op die plaas in die veld was. By 'n paar geleenthede het hulle ook buite oornag.

Hulle het een aand weer so om die vuurtjie gesit en luister hoe die jakkalse skree. "Ja," seg sy pa, "nou is hier net jakkalse oor. In my dae was die leeus sommer nog volop."

Theuns sê hulle het later jare ontdek dat dit sommer 'n kluitjie was, maar dié aand het hulle hom nog geglo.

"En pa," vra Theuns, "wat moet 'n mens doen as jy 'n leeu in die veld teëkom?"

"Daar is net een ding wat jy kan doen," sê sy pa. "Jy trek jou broek en jou onderbroek uit, loop staan handeviervoet en stap dan agteruit in daai houding reguit na die leeu toe."

"Hoekom só, pa?"

"Want leeu het nog nooit só 'n dier gesien nie: hy skrik, en dan geepad hy."

Inspirerende ekonomiese raad

DR. MARC FABER, die voorste beleggingskenner, het sy jaarlikse bulletin soos volg afgesluit:

- As die SAID aan elkeen van ons 'n gemiddelde R3,620 van ons belasting teruggee en ons spandeer al daai geld in winkelsentrums of op Springbok-truie, klere en skoene gaan die geld China toe.
- As ons dit op petrol uitgee, kry die Arabiere dit.

'n Rekenaar se geld gaan Indië toe. Philips se TV-fabriek in Martindale het jare gelede al gesluit. As jy een koop, kry Korea die geld.

- As ons vrugte en groente koop, gaan alles Israel en Kenia toe. (Regtig?)

- 'n Goeie kar se geld gaan Duitsland toe.

- As ons 'n stuk gemors koop, kry Taiwan die geld.

- Niks hiervan sal die sukkelende Suid-Afrikaanse ekonomie help nie.

- Al manier om die geld binnenslands te hou, is om dit te spandeer op prostitute, dagga, wyn en bier, aangesien dit al is wat nog plaaslik geproduseer word.

Kom ons hou dit TROTS SUID-AFRIKAANS!

Nota: Die internet is vol inskrywings wat aan dr. Faber toegeskryf word, maar wat nie sy skepping is nie. Hierdie is waarskynlik een van hulle.

Hauk! Die weerlig hy slaat!



ME. NOMSA DUBE, Kwazulu-Natal se minister van samewerkende regering en tradisionele sake, soek hulp teen weerlig.

Toe bel sy die departement van wetenskap en tegnologie. Hulle moet vir haar uitvind wat weerlig veroorsaak nadat sewe mense deur weerlig doodgeslaan is.

"Ons sal ondersoek instel en met die departement oor weerlig gesels," het sy gesê.

Sy was op besoek aan Eshowe, waar sewe lede van twee families op dieselfde dag deur 'n bliksemstraal doodgeslaan is.

"Miskien het die wetenskaplikes van die departement instrumente wat die lede van die gemeenskap teen weerlig kan beskerm.

"My departement het al met oorstromings en brande te doen gehad, maar weerlig is nuut vir ons."

- En om te dink sy kry 'n yslike salaris en 'n gewaarborgde pensioen. Miskien moet sy eerder ophou tyd mors en by 'n Model C-skool se kinders gaan kers opsteek?

DIE VLERMUIS

Die vlermuis kom by die grot ingevlieg met vars bloed aan sy bek.

Die ander vlermuise gaan mal, want hulle wil ook daarvan hê.

Ná 'n lang gesukkel vlieg hulle almal agter hom aan en kom te lande voor 'n groot boom.

"Sien julle hierdie boom?"

"Ja! Ja!" skree die honger vlermuise

"Wel goed vir julle, want ek het dit nie gesien nie!"



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com

VISVANG

Die prokureur en die ingenieur was besig om in die Karibies vis te vang.

Prokureur: "Ek is hier omdat my huis met al my besittings afgebrand het. Mar die versekering het vir die hele lot uitbetaal."

Ingenieur: "Dis nogal toevallig. Ek is hier omdat ek my huis en al my goed in 'n vloed verloor het. "Ek is gelukkig. My versekering het ook vir alles uitbetaal."

Prokureur, dronkgeslaan: "Hoe begin jy 'n vloed?"



JAKKALSJAG

Les Nommer Een: As jy diep in die moeilikheid is, kyk voor jou en bly stil.

OU JONAS EN DIE AREND

Ou Jonas is 'n knap werker, maar een oggend sit hy net voor sy huisie en staar.

Boer: "Jonas, wat is vanoggend verkeerd? Voel jy nie lekker nie?"

Jonas: "Nee, Oubaas. Ou Jonas hy sit net hier en hy dênk."

Boer: "Nou waaroor dink jy vanoggend so diep?"

Jonas: "Ou Jonas, hy sien die meerkat by die veld. Hy sien die arend by die lug. Nou, die arend hy duik af en hy gryp die meerkat. En hy vlieg met hom hoog by die lug. Hoog! En toe die arend hy duik af grond toe. Vinnag! En toe hy by die grond kom, hy gaan weer op by die lug. Ou Jonas hy sien daai meerkat se oge. Hulle is groot, soos pierings.

"Nou ou Jonas hy dênk: daai meerkat, hy hou fokkol van vlieg."

UIT DIE WEERMAG

Die leerlingvlieënier het albei die vliegtuig se vlerke en die stert met sy landing beskadig en was besig om uit te klim toe die noodvoertuig opdaag. Die redder sien die bebloede vlieënier, en vra: "Wat het gebeur?"

Vlieënier: "Moenie vir my vra nie, ek het ook nou net hier aangekom."

* * *

Moet nooit vir die pelton-sersant sê jy het niks om te doen nie.

* * *

As jy 'n bomtegnikus sien hardloop, probeer om by te bly.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Die storie van die RAADOP SPRAAKTERAPEUT

'n Pragtige, jong spraakterapeut was besig om glad nie met haar Hakkelaarsgroep te vorder nie.

Sy het elke tegniek in die boek probeer, maar niemand het verbeter nie. Uiteindelik, heeltemal raadop, sê sy:

"As enigeen van julle sonder om te hakke vir my kan sê waar jy gebore is, sal ek passievolle seks met jou hê totdat jou spiere seer word en jou oë traan!

"Goed, wie wil eerste probeer?"

Die Engelsman laat waai met "B-b-b-b-b-b-irmingham."

"Nee, Trevor, dis glad nie goed genoeg nie. Wie's volgende?"

Die Skot steek sy hand op: "P-p-p-p-p-p-ais-le-le-ley."

"Jy's niks beter nie, Hamish. Geen seks vir jou nie. wil jy probeer, Paddy?"

Die Ier het diep asemgehaal, sy tong gewikkel, sy oë gerol en sê: London."

"Briljant, Paddy!" sê die rerapeut, en begin dedelik haar belofte nakom.

Ná 15 minute se buitengewone, stomende seks, het hulle gestop om asem te skep.

Dis toe dat Paddy sê: ". . . d-d-d-d-d-d-d-erry".

REKENAARTERME en wat hulle beteken

Monitor – Wanneer jy 'n ogie oor die braaivleisvuur hou.

Aflaai – Wat jy met die hout van die bakkie af doen.

Sleutelbord – Waar jy die bakkie se sleutels hang.

Venster – Wat jy toemaak as dit koud word.

Skerm – Wat jy in die veld opslaan teen wind.

Greep – Stoeitem.

Kilogreep – Stoei met gewigte.

Megagreep – Waarmee 'n moerse groot ou bladskud.

Skyf – Sigaret.

Hardeskyf – Ou zol wat droog geword het.

Mikroskyf – Daai laaste enetjie onder in die leë tjips pakkie.

Dot Matriks – Oom Jan Matriks se vrou.

Sagteware – Komberse, kussings en lakens.

Hardeware – Pype, krane, verf, hamers en spykers.

Muis – Daai diertjie waarvoor meeste meisies so bang is.

Hoofraam – Jou beste bril.

Web – Vlies wat paddas tussen hul tone het.

Webwerf – Jaart met baie spinnekoppe.

Soekenjin – Wat jy moet doen as jy die bakkie buite vergeet het.

Yahoo – Wat jy skree as jy die enjin kry.

Bediener – Ou wat die drankies aandra.

Gebruiker – Die buurman wat gereeld iets kom leen.

Netwerk – Wanneer jou vangnet gate in het wat jy moet regmaak.

Internet – Stap net in.

Aanlyn – Waar die vis is as jou aas werk.

TWEEDE OPINIE

Die bejaarde vrou kla by die dokter oor haar rugpyn.

"Dis ouderdom," sê hy.

"Ek soek 'n tweede opinie," sê sy.

"Goed," sê hy. "Jy's ook lelik."



Deel 17

Twee vlugsersante doen skade op



DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog verder van die soldate se ondervinding aan die grens.

Ek is skaars terug op Waterkloof toe 'n offisier ons meedeel dat 'n lugman op Mpacha besig is om 'n ineenstorting te kry weens stres. Ek het maar 'n sagte hartjie en bied aan dat ek in sy plek sal gaan. So is ek op pad vir my laaste vier maande op die grens.

Die dag voor ek vertrek gebeur daar 'n lelike insident op Waterkloof Lugmagbasis. 'n Vlugsersant loop agter 'n F1CZ Mirage-vliegtuig verby met vlieënier wat gereed maak om vir 'n oefenvlug te vertrek. Die vlieënier is onbewus van wat agter sy vliegtuig aangaan en maak enjin vol oop net toe die vlugsersant agter die straalmotore loop. Met 'n kreet val hy weg van die vliegtuig af toe die blou-wit-rooi vlamme uit Mirage vliegtuig hom vol in die gesig tref.

Sy gesig is geheel en al weg-"gesmelt". Velle sit aan sy hande vas en dit is bebloed orals op sy gesig. Hy is in skok en die mediese mense word dadelik ingeroep om hom te help.

Dit was sy eie nalatigheid. Jare later het ek hom op 'n kamp weer ontmoet. Sy gesig is met veloorplantings "herstel", maar sal nooit weer dieselfde wees nie.

So daag ek weer op Mpacha op. Dinge het bietjie verander en verskeie onskuldige siviele mense is dood in landmynontploffings in die Caprivi-strook. Die lugman wat "bossies" geraak het, is nog daar en huil die heeldag. Hy word twee dae na my aankoms teruggestuur States toe.

My tweede besoek aan Mpacha het met 'n bietjie humor begin. Skaars 'n week daar hoor ons een dag 'n geweldige geraas – dit klink soos 'n klomp metaal wat op mekaar skuur.

Hier kom 'n vlugsersant aan met 'n Datsun bakkie. Ons vind later uit dat die bakkie se boekiewaarde R 15,00 is en dat hy seker dateer van die steentydperk. Die dak van die bakkie voor is platgedruk tot op die enjin se gedeelte.

Met so effense spasie langs die kant waar die venster aan bestuurderskant moet wees hang 'n kop uit: Dié van die vlugsersant om te kyk waar hy moet ry. Duidelik het hy die bakkie gerol, wat weer op sy wiele te staan gekom het, of het hy in iets vasgery. Die skade is meer as R15,00!

Die vlugsersant het sy onderste kakebeen op drie plekke gebreek en dele van sy wangbeen.

So vind ons uit dat die vlugsersant op pad na Katima Malilo om 'n draai teen 'n olifant vasgery het. Gelukkig het die olifant net so groot geskrik en gevlug. Die vlugsersant het sy onderste kakebeen op drie plekke gebreek en dele van sy wangbeen.

Hy kry toe heel aantreklike toutjies en draadjies in sy mond/tande om alles weer bymekaar te hou, ses maande lank. Hy kan nie sy mond oopmaak nie en moet deur 'n strooitjie vloeistowwe inneem.

Die bakkie is 'n wrak en ons vlieg met 'n Allouette-helikopter uit om vas te stel of die olifant beseer is. 'n Beseerde olifant

kan voetsoldate aanval as hy in pyn verkeer. As hy ernstig beseer is, moet hy van kant gemaak word.

Hy makeer toe nie veel nie. Dit is soos wanneer mens met jou nael hard op jou vel krap en daar so ligte merkies sit; dit is al wat die meneertjie makeer.

So begin die malariapille weer, en soos altyd gooi ek alles by my gesig verby. Tot eendag, toe vang slim sy baas waar ek per ongeluk die pilletjie teen 'n skuur se deur vasgooi. My sammajoor wou toe weet wat aangaan. Vinnig laat ek hom weet dat ek die pilletjie per ongeluk misgegooi het, tel dit op en drink my eerste malariapilletjie in twee jaar.

Daar is in my tyd op die grens twee van ons lugmanne dood aan malaria. Ek was maar gelukkig dat ek dit nie opgedoen het nie.

Ek het geheueverlies gehad – een of twee keer.

Hemelse Gesprek

Twee vroue ontmoet weer in die hemel.

Sylvia: "Hallo, Wanda!"

Wanda: "Hallo, Sylvia. Hoe het jy gesterf?"

Sylvia: "Ek het doodgevries."

Wanda: "Aaklig!"


Sylvia: "Dit was nie so erg nie. Ná die koue het ek warm en slaperig gevoel en vreedsaam gesterf. Wat van jou?"

Wanda: "Ek is dood aan 'n massiewe hartaanval. Ek het vermoed my man verkul my, toe gaan ek vroeg huis toe om hom te betrap. Maar toe kry ek hom alleen voor die TV."

Sylvia: "Wat het toe gebeur?"

Wanda: "Ek was seker daar is 'n vrou in die huis. Toe begin ek oral soek, in elke kas, onder elke bed. Ek was later so moeg dat ek 'n hartaanval gekry en gesterf het."

Sylvia: "Dis jammer jy het nie in die yskas gekyk nie, dan het ons albei nog geleef."



**Ek het gister my eerste
kalkoen geskiet.
Almal in die afdeling vir
bevrore voedsel het hulle
bevuil.
DIS BAIE PRETTIG OM
OUD TE WORD!**

Die hoërskool hou oueraand

Deur **MARNUS STEYN**

Met die swerftog van onderwyser, toustaan en weer na die volgende een, staan ek uiteindelik voor die Afrikaansgewende dame. My oudste kry by haar klas. Destydse matriek.

Ons bespreek die jongste eksamen se rapport.

Onder meer was daar 'n woord wat hulle moes uitlê. Selfs ek, wat 22 jaar ouer as Seun en baie meer belese is, het geen idee gehad wat die woord beteken nie. Op navraag waarom so 'n obskure woord in die vræstel was, het sy gesê dit is om die skrandere kinders as't ware van die minder intelligentes te onderskei. Nie omdat my bloedjie die slimste of die domste in die klas was nie.

Ek seg toe aan die juffie dat kinders tog immers eksamen skryf oor dit wat hulle geleer of moes geleer het - nie om met 'n woordeboek in die kop rond te loop nie. Dit is tog die doel van 'n woordeboek, anders sou woordeboeke onnodig gewees het.

Nou, aangesien ek glo dat sy Afrikaans behoorlik magtig is, wil ek ook vir haar 'n 'toetsie' gee.

"Juffrou", seg ek, "vertel nou asseblief vir my wat die volgende beteken: 'Die rarevis pier is nie rapat nie omdat hy kaduks is.'"

Dit is nou 28 jaar later. Lyk my sy was van die middelmatiges of van die dommes. Nog nooit weer iets van haar gehoor of gesien nie.

(Antwoord: Die ongewone wurm is nie vinnig nie omdat hy siek is!)

AFRIKA-SAFARI

'n Beroemde dokter gaan op safari in Afrika. Toe hy terugkom, vra sy vriende hoe dit was.

"Aaklig," sê hy. "Ek het nie een ding doodgemaak nie. Ek kon baie meer suksesvol gewees het as ek in die hospitaal gebly het."



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

ANYSBESKUIT

Die volgende resep is dieselfde as een wat as 'n hedendaagse 'vaal-venue' resep bekend staan. Straks een van Esmé-hulle s'n wat as gunsteling 'n voortleef?

375 g botter
470 ml suiker
4 groot eiers
4x500 g bruismeel
15 ml anys
10 ml sout
2.5 ml kremetart
1 liter kookmelk

• Die kremetart en kookmelk kan deur karringmelk vervang word. Smelt margarien of botter en suiker, laat afkoel en klop eiers by.

Sif droë bestanddele saam en voeg saam met die kookmelk by eiermengsel. Voeg anys by en maak aan tot 'n deeg.

Laat 5 minute staan. Rol in balletjies en pak in gesmeerde broodpanne.

Bak vir sowat een uur in voorverhitte oond van 180 °C tot gaar.

Laat afkoel, breek oop en droog uit.

Voilà!

RASSISME

'n Swart seuntjie vra sy pa: "Pa, wat is demokrasie?"

Pa: "Wel, seun, dis wanneer die wittes werk, en ons pluk die vrugte."

Seuntjie: "Maar maak dit hulle nie baie kwaad nie?"

Pa: "O ja, maar dis rassisme."

STAMBOOM

ADENDORFF leonadendorff@yahoo.com

Enige informasie wat u van die Adendorff mense het. Dankie. Leon

AGGENBACH arnold@mighty.co.za

My pa was Jan Hendrik Aggenbach. Gebore 1916 op 'n plaas Moedverloor in die Van Rhynsdorp distrik, Namakwaland. Sy pa was Willim Adriaan Aggenbach. Sy ma was Hester. Dis al wat ek weet. My pa het twee broers gehad by name van Johnny en Tiennie. Ook drie susters by name van Maggie, Hettie en Bertie.

DU PLOOY theresaduplooyza@gmail.com

Addisioneel: Ek soek na die nageslag van Andries Benjamin (1869-1934) & Maria Petronella Elizabeth (gebore Matthee - 1869-1949) Lombard, albei gebore te Heidelberg, Kaap en oorlede te Heilbron, Vrystaat. Hul kinders was Christoffel Johannes Lombard, Anna Magdalena Lombard, Andries Benjamin Lombard Magdalena Lombard X Gouws

Judith Johanna Lombard X Douglas XX Fourie Dina Johanna Lombard X de Jongh Johannes Jurie Lombard Susarah Aletta Lombard X Nienaber Benjamin Lombard * 24.12.1914 Susanna Lombard * Young Wilhelmina * Joseph Pieter Jacobus Lombard

FOURIE dsgreeff@gmail.com

My oupa se name is Hendrik Gerhardus Fourie, gebore 29-03-1904 en het gesterf op 15-05-1976. My oupa is afkomstig van Vryburg.

GREEFF alexandermarita@gmail.com

My pa was Daniel Johannes Greeff gebore 1916 Beaufort Wes Kaapprovinsie. Sy ouers was Francois Petrus Greeff en Francis Joubert

MATTHEUS hennie.rianda@telkomsa.net

POTGIETER dtrdelwery@mweb.co.za

Besig met 'n stamboom van Potgieter. Op soek na kinders of kleinkinders van LJB Potgieter wat in North Vale Buluwayo Rhodesië gewoon het. Was 'n seun van Petrus P Potgieter en Chorlotte Elizabeth Potgieter (gebore du Plessis) asook enige ander nakomelinge of familie van Petrus en Charlotte Potgieter.

STEYN anetstey@iway.na



Vervolg ná Agteros



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Rot, slang, jakkals . . . net nie bobbejaan

"Noem iemand net 'n bobbejaan, en die hel is los."

Deur DAVID BIGGS

AGTERGROND: Daar was onlangs 'n yslike herrie toe me. Helen Zille, die Wes-Kaapse premier, na die toestroming van leerlinge uit die Oos-Kaap as "educational refugees" verwys het.

EK staan dikwels verbaas oor die dinge wat ons mag sê en nie mag sê nie. Soos die onlangse bohaai oor die woord "vlugteling". Sommige sensitiewe siele glo skynbaar dis 'n beledigende term. Ek weet nie hoekom nie.

Ons geskiedenis is ryk aan vlugteling wat vir 'n beter lewe hierheen gekom het. Baie van hulle het bygedra tot ons ryke kultuur en geskiedenis.

Die Franse Hugenote was mense wat van godsdienst-vervolging ontsnap het. Hulle is in die Kaap verwelkom en het 'n ryk wyntradisie in Franschoek geskep. Daardie vallei is selfs na hulle vernoem.

Duisende Joodse kinders het in die laat 1800's in die Kaap aangekom – vlugteling van die bloedbadens in Litaue en Rusland. Hulle en baie van hul nasate het 'n groot rol in ons geskiedenis gespeel: Helen Suzman, Harry Schwarz . . . die lys is lank.

Hulle het ook 'n bydrae gemaak tot besigheid, politiek en die mynbou. Ons land – en veral die Kaap – het 'n trotse geskiedenis van die aanvaarding van vlugteling.

Hoekom sou dit beledigend wees om na enigeen wat aan 'n desperate situasie ontvlug 'n "vlugteling" te noem?

As jy aan 'n swak onderwysstelsel ontsnap is jy tog net soveel 'n vlugteling as wanneer jy vlug van 'n kerk wat jou nie wil toelaat om op jou manier te aanbid nie?

Vlugteling is mense wat soek na 'n nuwe kans in die lewe.

Daar bestaan 'n soortgelyke situasie met diere name. Dis skynbaar polities korrek om mense talle diere name te noem. Ons kan mense beskryf as slange in die gras, werkesels, vuil uile, jakkalse, rotte, skape en selfs – soos in die geval van een van ons ontslape leiers – 'n groot krokodil.

Niemand voel genoeg beledig om 'n aanklag te lê nie.

MAAR noem iemand net 'n bobbejaan, en die hel is los. Dis vreemd, want geneties is bobbejane baie naby aan ons verwant. Hulle deel tot 92% van ons DNS. Bobbejane tel onder die slimste diere – vra maar net enige huisvrou in Tokai (*Kammanuus: Waar bobbejane 'n skrikbewind voer.*)

Bobbejane het geleer hoe om die legkaart van die moderne huis te ontsyfer. Hulle maak vensters en deure oop, weet presies waar die yskas is en kan krane oopdraai as hulle dors is.

Bottels met skroefdeksels is geen probleem vir hulle nie. Hulle is verbasend slim, maar moet hulle tog net nie met 'n mens vergelyk nie. Jy sal uit die geselskap verjaag word en die etiket van een of ander –is kry.

Ek vermoed daar is baie mense wat nou hier lees en sit en wonder of hulle 'n kwaai brief aan die redakteur moet skryf waarin ek aangekla word van die verbreking van politieke korrektheid.

Om iemand 'n bobbejaan te noem, is baie erger as 'n vlugteling.

Ek moes die woord seker nie eers genoem het nie. Ek voel nou bietjie soos 'n wurm, maar dis te laat om om te draai.

Ons leef in 'n vreemde ou wêreld.

BLAAI AAN VIR NOG STAMBOOM



STAMBOOM (vervolg)

STEYN franbiew@webmail.co.za

Ek soek meer inligting oor Johannes Hermanus Steyn en Susara Susanna Knoetse wat saam met die Potgieters deel gevorm het as die dorstrand trekkers wat Angola toe getrek het. Enige inligting sal ek waardeer.

SWART franbiew@webmail.co.za

Ek is opsoek na meer inligting oor Johanna Catharina Martina Swart dv Cornelius Jacobus Swart en Isabella Frederika Smit se stamboom as iemand my kan help.

VAN DER WESTHUIZEN pietervdwest@webmail.co.za

Enige iemand met meer inligting aangaande familie van my groot ouers afkomstig van Loxton in die Noord Kaap. Hulle het geboer in die omgewing vanaf 1920's tot 1950's. Oupa Charl (Sarel) Francois van der Westhuizen het getrou in Loxton op 20 Januarie 1919 met Susannah Elizabeth Truter. Hulle was geseën met twee seuns en twee dogters. Dogters was Anna en Rita en seuns Jan Hendrik Lodewikus (my pa) en Boet (nie seker van sy regte naam nie). Tree af in Touwsrivier in die 1950's. Enige inligting rakende enige broers en susters of ander familie sal baie waardeer word.

VAN NIEKERK tluus@megaitsolutions.co.za

Addisioneel: Piet le Roux getroud met Catharina Johanna van Niekerk nee du Toit.

WILLIAMSON lettie.estrieux@yahoo.com

Familie van Jacobus Nicolas Williamson

ZIEHL meerkatster@gmail.com

Hallo --- ek is gelys vir die kontakpersoon oor Ziehl en dis nog steeds reg, maar ons verander ons e-posadres. Dankie! Marlene.

Die volgende KAMMANUUS verskyn op 7 MEI